LAERSKOOL BAANBREKER

Gedragskode vir Leerlinge

Kwaliteit onderwys en opvoeding is slegs moontlik in ‘n ordelike omgewing. In so ‘n omgewing voel die kind veilig en geborge en is hy/sy ingestel en ontvanklik vir die leerprikkels.

1. WETGEWING:

Die reg tot 'n gedragskode vind sy beslag in:

1.1 Die Nasionale Grondwet.
1.2 Artikel 8 van die S.A. Skolewet (84/'96).
1.3 Artikel 3 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (27/'96).
1.4 Handves van Menseregte (108/'96).
1.5 Wet op die Beheer van toegang tot openbare persele (53/'85).
1.6 Wet op Dwelms en Dwelmhandel (140/'92).
1.7 Wet op Wapens en Ammunisie (75/'69).
1.8 Kennisgewing 937 van 1998 t.o.v. wangedrag van leerlinge.
1.9 Kennisgewing 776 van 1998 - Riglyne vir die opstel van 'n Gedragskode deur Beheerliggame.
1.10 Die GDO opleidingsmodule vir Beheerliggame t.o.v. die ontwikkeling van 'n Gedragskode.
"General School Notice 6903 of 2000 as amended by General Notice 2591 of 2001: 'Misconduct of Learners at Public Schools'".
1.11 Wysigingswet op Basiese Onderwyswette (32/'24)
1.12 Strafproseswet (51/'77)

2. AANHEF:

2.1 'n Gedragskode lê duidelike riglyne neer oor wat aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag by 'n skool is.
2.2 Dit sê iets oor die waardes, norme, beginsels en etos van 'n skool en raak die hele skoolgemeenskap, insluitend leerlinge, opvoeders en ouers.
2.3 Dit strewe na die skep van 'n sekere gees en gesindheid tussen al die rolspelers en strek wyer as bloot 'n stel reëls wat nagekom moet word.
2.4 Geen bepaling van die Wysigingswet op Basiese Onderwyswette 32 van 2024 stel 'n leerder vry van die verpligting om die gedragskode van die skool wat deur die sodanige leerder bygewoon word, na te kom nie.
2.5 Die leerder en die ouer kan aansoek doen dat die leerder vrygestel word van voldoening aan sekere bepalings van die gedragskode weens, maar nie beperk tot, die volgende omstandighede wat die leerling onder die aandag van die hoof of beheerliggaam van die skool kan bring:
2.5.1 Kulturele oortuigings
2.5.2 Geloofsoortuigings
2.5.3 Mediese gronde

3. DOEL:

3.1. Om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing, -toegewy aan die verbetering en handhawing van leerprosesse van gehalte, daar te stel. (Is ondersteunend tot die uitleef van die visie en missie van die skool en ter voorbereiding van verantwoordelike burgerskap).
3.2. Om leer en onderrig in die skool te fasiliteer en morele waardes te stel.
3.3. Om voorsiening te maak vir wettige dissiplinêre prosesse en beloning vir goeie gedrag.
3.4. Beoog om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgeing wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die leerproses te vestig; met inagneming van die diverse kulturele oortuigings, geloofsoortuigings en mediese omstandighede van die leerlinge by die skool.

4. GRONDBEGINSELS:

4.1. Die erkenning van die menseregte en verantwoordelikhede van alle rolspelers.
4.2. Regverdige en billike behandeling.
4.3. Beleid van geen onregverdige diskriminasie.
4.4. Die behoud van die etos van die skool.
4.5. Samewerking van rolspelers.
4.6. Demokratiese beginsels.
4.7. Die nastreef van die Visie en Missie van die skool.
4.8. Die vennootskap tussen skool en ouerhuis.
4.9. Die gedelegeerde mag aan opvoeders.

5. REGTE VAN LEERLINGE:

5.1. Goeie opvoeding.
5.2. Veilige, geweldvrye omgewing.
5.3. Billike dissiplinêre prosesse.
5.4. Billike administratiewe prosesse.

5.5. Respek en waardigheid.
5.6. Etiese gedrag van rolspelers.
5.7. ‘n Ordelike skoolomgewing.
5.8. Ondersteuning vanaf die ouerhuis.

6. VERANTWOORDELIKHEDE VAN LEERLINGE:

6.1. Samewerking t.o.v. die leerproses.
6.2. Getroue skoolbywoning.
6.3. Respek teenoor alle mense asook die omgewing.
6.4. Selfdissipline.
6.5. Die nakoming van die letter en gees van die gedragskode.

7. DIE EIENSKAPPE VAN ‘N BANIE-LEERLING:

7.1. Is ‘n gelukkige kind wat met oorgawe en entoesiasme geleenthede aangryp.
7.2. Is te alle tye en orals ware ambassadeurs vir hulle skool.
7.3. Die akademie-, sport- en kultuuraktiwiteite van die skool geniet eerste prioriteit.
7.4. Strewe om altyd gehoorsaam, behulpsaam en bedagsaam te wees.
7.5. Lewe en handel in ooreenstemming met die gedragskode van die skool.
7.6. Handel voortdurend volgens die Banie waardes en norme.
7.7. Hul voorkoms getuig van netheid, higiëne en selftrots.

8. DIE GEDRAGSKODE: ‘n Banie-leerling strewe na die volgende:

8.1. Die nakoming van die letter en gees van hierdie gedragskode.
8.2. Die nakoming van die algemene skool- en klasreëls.
8.3. Die nakoming van reëls t.o.v. kleredrag, voorkoms en persoonlike netheid.
8.4. Die uitvoer van billike opdragte van ‘n gemagtigde persoon.
8.5. ‘n Gees van samewerking in woord, daad en gedrag om sodoende nie die onderrig of leerproses te ontwrig of te frustreer nie.
8.6. Getroue en stiptelike bywoning van skoolaktiwiteite.
8.7. Om so op te tree dat dit tot voordeel van die skool en sy gemeenskap sal strek.
8.8. Om die skooleiendom te respekteer.
8.9. Om ander persone op ‘n menswaardige wyse te behandel.
8.10. Om die landswette na te kom en as verantwoordelike burger op te tree.
8.11. Om flink en ywerig te wees in die uitvoer van pligte.

9. BANIE WAARDES:

9.1. Veiligheid
9.2. Eerlikheid
9.3. Verdraagsaam
9.4. Respek
9.5. Verantwoordelik
9.6. Samewerking
9.7. Betroubaar
9.8. Trots
9.9. Deernis

10. ALGEMENE SKOOLREËLS:

Die volgende algemene skoolreëls is ingestel om elke kind die beste geleentheid te bied om maksimaal te ontwikkel:

10.1 VOORSKOOL EN DIE VERDAGING VAN DIE SKOOL:

10.1.1 Die skool begin om 07:30 en alle leerlinge moet betyds wees. Perseel word om 06:00 oopgesluit en die personeel is op diens vanaf 07:00
10.1.2 Leerlinge wat laat kom, moet by die kantoor aanmeld.
10.1.3 Leerlinge moet gedurende amptelike skooltyd by die skool wees.
10.1.4 Leerlinge moet vir ‘n minimum van 3,5 ure by die skool weesom aanwesig gemerk te word.
10.1.5 Wanneer die skool verdaag, word die hekke in Watermeyer- en Langenhovenstraat gebruik.
10.1.6 Skolierpatrollie is slegs in die oggende aan diens in Boerneefstraat en dan moet die deurryhek gebruik

word. Geen skolierpatrollie is aan diens in Boerneefstraat in die middae nie.

10.1.7 Die hoofhek in Boerneefstraat is slegs vir personeel en besoekers.

10.1.8 Die leerlinge moet gebruik maak van die padoorgange en die reëls van die skolierpatrollie gehoorsaam.

10.1.9 Fietse word te alle tye op die skoolterrein gestoot om ongelukke te voorkom.

10.1.10 Wanneer 'n leerling eers binne die skoolterrein is, kan die terrein nie weer verlaat word sonder die toestemming van 'n personeellid nie.

10.1.11 Die leerlinge plaas hul tasse in netjiese rye voor hulle voogklasse.

10.1.12 Wanneer die klok in die oggend lui, beweeg alle leerlinge na hul voogklasse, behalwe op 'n Maandag (vir saal) moet hulle aantree en daarna na die saal beweeg.

10.1.13 Gr. 1+2 leerlinge wat na 13:00 en Gr 3 na 13:15 by die skool is, bly in hul registerklas tot en met 13:45 as die res van die skool verdaag of soos gereël deur die graadvoog.

10.1.14 Grondleggingsfase-leerlinge wat om 13:00 en 13:15 verdaag, word vergesel deur 'n onderwyseres.

10.2 KLASWISSELING:

10.2.1 Klaswisseling geskied vinnig, stil en ordelik in netjiese rye.

10.2.2 Leerlinge mag nie draai tydens klaswisseling en laat kom by volgende periode nie.

10.2.3 Die dogterklasleier loop voor en die seunsklasleier agter.

10.2.4 Leerlinge mag nie na hul sluitklassies gaan om boeke te ruil tussen periodes nie. Dit word slegs tydens pouse toegelaat.

10.3 TYDENS KLAS:

10.3.1 'n Leerling mag nie 'n ander leerling die reg tot onderrig ontneem, deur aanhoudende / steurende / ontwrigtende / ongedissiplineerde gedrag of optrede nie.

10.3.2 'n Leerling mag nie slaap in die klas nie.

10.3.3 Leerlinge moet hulle met die afneem van toetse of eksamen van enige vorm van oneerlikheid weerhou.

10.3.4 'n Leerling mag nie aanhoudend praat nie en geen lawwe gedrag word geduld nie.

10.3.5 Gebrek aan samewerking is onaanvaarbaar.

10.4 POUSE:

10.4.1 Gedurende pouse gaan leerlinge kleedkamers toe, was hande, eet en ontspan.

10.4.2 Geen kind mag wederegtelik en sonder toestemming, of vir kwade redes, tussen die personeel se motors wees nie.

10.4.3 Vermy blombeddings sodat plante nie beskadig word nie.

10.4.4 Eet en drink op stoepe is verbode.

10.4.5 Leerlinge mag nie op stoepe hardloop nie.

10.4.6 Speelterreine word vir leerlinge afgebaken waar hulle mag speel.

10.4.7 Die volgende aktiwiteite is verbode: Kontakspele; spel met harde balle en kolwe / stokke of enige gevaarlike speletjies.

10.4.8 Leerlinge wat gebruik maak van die snoepwinkel, tree in netjiese rye aan totdat hulle bedien word.

10.4.9 Wanneer die klok lui aan die einde van pouse, beweeg leerlinge onmiddellik en tree aan vir klas.

10.4.10 Leerlingraad moet so gou as moontlik na hul diens by klasse, terugbeweeg na hul eie klasse toe.

10.5 SAALBYEENKOMSTE:

10.5.1 Leerlinge mag alleen onder toesig van personeel in die saal wees.

10.5.2 Wanneer leerlinge saalbyeenkomste het, word daar van hulle verwag om stil en netjies die saal, binne te kom.

10.5.3 Saalbyeenkomste moet deurgaans stil verloop.

10.6 KLEEDKAMERS:

10.5.4 Kleedkamers behoort die trots van alle leerlinge te wees en leerlinge moet dit te alle tye netjies en skoon laat nadat hulle dit gebruik het.

10.6.2 Die toilette moet gespoel word na gebruik.

10.6.3 Krane moet toegedraai word na gebruik.

10.6.4 Geen etery, hardloop, gly of speel word in die kleedkamers toegelaat nie.

10.6.5 Geen materiaal soos toiletpapier mag in die kleedkamers rondgegooi word nie.

10.7 PERSOONLIKE NETHEID EN ALGEMENE GESINDHEID:

10.7.1 Stiptelikheid is 'n vereiste.

10.7.2 Persoonlike higiëne moet onberispelik wees.
10.7.3 Korrekte kleredrag is ‘n vereiste - sien skooldrag voorskrifte vir somers- en wintersdrag. Skoolsweetpakke is nie erken as skooldrag nie en mag slegs gedra word vir LO en by sport- geleenthede.
10.7.4 Skoolskoene is verpligtend vir Gr 7 leerlinge te alle tye en moet saam met baadjies gedra word.
10.7.5 Geen tekkies mag saam met enige skooldrag gedra word nie, slegs saam LO-drag.
10.7.6 Donkerblou / swart tekkies met skoolkouse word saam met LO-drag en skoolsweetpak gedra.
10.7.7 Kouse moet opgetrek wees.
10.7.8 Moue van truie en baadjies mag nie opgeskuif word nie en mag nie om die middel / lyf vasgebind word nie.
10.7.9 Hemde moet by broeke ingesteek word.
10.7.10 Naels moet kort geknip en skoon wees en dogters word nie toegelaat om gekleurde of deurskynende naellak te dra nie.
10.7.11 Grimering van enige aard is ontoelaatbaar.
10.7.12 **Hare - Dogters**:

- Dogters mag nie hul hare laat kleur of “high lights” laat insit wetende dat dit nog in die hare sigbaar sal wees wanneer die skool weer ‘n aanvang neem nie.
- Dogters se hare moet natuurlik vertoon en hare wat permanent gekrul (“geperm”) is, of enige ander onnatuurlike haarstyl, is ontoelaatbaar.
- Langhare moet vasgemaak word en kuiwe mag nie in die oë hang nie.
- Linte, rekkies en knippies moet donkerblou of geel wees.
- “Braids” is toelaatbaar, mits dit netjies vasgemaak is.
- Korthare mag nie oor die kraag van die rok hang of in die leerling se gesig hang nie.

10.7.13 **Hare - Seuns.**

- Hare moet agter en langs die kante kort geknip wees en mag nie oor die ore of tot in die oë of oor die kraag hang nie.
- **“Gel”** is toelaatbaar, maar mag nie oordadig gebruik word nie.
- Hare mag nie gekleur wees of “high lights” in hê nie.
- Geen “steps” of “under cuts” word toegelaat nie. Met “comb-overs” mag die hare bo-op die kop nie buite verhouding langer as die kante wees nie.

10.7.14 **Juweliersware:**

- Die dra van juweliersware en ander versierings word ten strengste verbied.
- Die volgende is wel toelaatbaar:
  - Seuns en dogters mag polshorlosies dra.
  - Dogters mag ‘n seëlring dra.
  - Dogters mag een stel klein oorkrabbertjies dra (slegs “studs” of ringetjies)
  - Slegs armbande en hangertjies wat mediese inligting bevat, mag gedra word.

10.7.15 Seuns mag onder geen omstandighede enige gaatjies vir enige vorm van juweliersware op enige plek op hul liggame dra nie.
10.7.16 Respek teenoor die hoof, personeel en leerlingraad, word vereis.
10.7.17 Onwelvoeglike taalgebruik, persoon se handtekening vervals, oneerlikheid en onsedelike optrede word nie toegelaat nie.
10.7.18 Alle skooleiendom nl. geboue, meubels, boeke en toerusting moet met respek behandel en opgepas word.
10.7.19 Vandalisme sal onder geen omstandighede geduld word nie (eiendom kwaadwillig beskadig).
10.7.20 Gehoorsaamheid aan ‘n gesagsdraer (leerlingraad ingesluit) word vereis.
10.7.21 Ander leerlinge se eiendom mag nie weggesteek of beskadig word nie.
10.7.22 Leerlinge word ten sterkste afgeraai om speelgoed / duursame artikels skool toe te bring.
10.7.23 Huiswerk wat deur die onderwyser aan leerlinge opgedra word, moet pligsgetrou gedoen word.
10.7.24 Toetse en eksamenvraestelle moet deur ouers / voog geteken word.
10.7.25 Boeke mag onder geen omstandighede verniel of beskadig word nie.
10.7.26 Stokkiesdraai is verbode en leerlinge mag slegs met die hoogste uitsondering afwesig wees.
10.7.27 Leerlinge mag slegs tydens klastyd uit die klas wees met toestemming en ‘n “pas” van die onderwyser.
10.7.28 Diefstal word beskou as ‘n kriminele oortreding en sal dienooreenkomstig mee gehandel word.
10.7.29 Geen vorm van geweld sal geduld word nie.
10.7.30 Geen gevaarlike items soos vuurwapens, plofstowwe, vuurwerke, messe of enige tradisionele wapens mag deur enige persoon op die terrein gedra word nie.
10.7.31 Geen leerling mag enige vorm van drank of enige ander vorm van onwettige dwelmmiddels (wat gewoontevormend is) of onwettige middels by hom\haar hê tydens skoolaktiwiteite of op die skoolterrein gebruik of verkoop nie. Dit sluit in die rook van sigarette, sigare, elektroniese sigarette, pyptabak, "hubbly

bubbly", ens.

10.7.32 Geen pornografiese materiaal in enige formaat mag versprei, ontvang of in ‘n leerling se besit wees nie.
10.7.33 Oormatige afwys van affeksie (vryerigheid) en seksuele teistering word nie toegelaat nie.
10.7.34 Leerlinge moet verdraagsaamheid teenoor mekaar betoon. Boelie, verontregting, vernedering of intimidasie van ander leerlinge word nie toegelaat nie.
10.7.35 Rommelstrooi is verbode en daar sal streng opgetree word teen ernstige oortreders.
10.7.36 Leerlinge wat kopluise of nete het, mag nie die skool bywoon nie – volgens gesondheidswetgewing.

10.8 BUITEMUURS:

10.8.1 Deelnemers aan sport moet tydens oefeninge en wedstryde die korrekte en voorgeskrewe sportdrag dra.
10.8.2 Swak taalgebruik, wangedrag en vuilspel is ontoelaatbaar.
10.8.3 Skeidsregters moet met die nodige respek behandel word.
10.8.4 Terugpraat met ‘n skeidsregter is ontoelaatbaar.
10.8.5 Sportvelde en toerusting word slegs gebruik onder die toesig van ‘n personeellid.
10.8.6 Tydens oefeninge word die tasse netjies langs die oefenveld in rye geplaas.
10.8.7 Geen sporttoerusting word huistoe geneem sonder die toestemming van ‘n personeellid nie.
10.8.8 Met wegwedstryde verklee die leerlinge gedurende tweede pouse en met tuiswedstryde na skool.
10.8.9 Sportklere word verkieslik in ‘n sportsak skooltoe gebring.

10.9 BUSSE:

Wangedrag van leerlinge tydens die gebruik van openbare vervoer, word in ‘n baie ernstige lig beskou aangesien dit ander persone se lewens in gevaar kan stel.

10.10 OPENBARE PLEKKE EN ANDER SKOLE:

Indien leerlinge na-ure in skooldrag ernstige oortredings begaan, sal dit in ’n baie ernstige lig beskou word aangesien hulle gesien word as verteenwoordigend van die skoolgemeenskap.

10.11 ALGEMENE REËLS:

10.11.1 Geen selfone word toegelaat by die skool nie.
10.11.2 Die Administratiewe Blok word slegs deur die personeel gebruik. Alle leerlinge meld aan by ontvangs en sal dan deur een van die sekretaresses gehelp word.
10.11.3 Die skooltelefone is uitsluitlik vir personeel. Leerlinge wat wil skakel in noodgevalle kan toestemming van ‘n personeellid verkry.
10.11.4 Leerlinge mag nie van die kombuis- en personeelkamergeriewe gebruik maak om kos op te warm of om koffie / tee / water te kom haal nie.
10.11.5 Selfone of ander elektroniese apparaat (sluit slimhorlosies in) asook die internet mag slegs onder toesig en in opdrag van ‘n personeellid gebruik word vir opvoedkundige doeleindes.
10.11.6 Toestemming van die personeellid moet verkry word voordat ‘n leerling na die siekekamer mag gaan. Leerlinge mag nie hul ouers van hul selfoon af kontak om hul te kom haal as hul siek voel nie. Die sektretaresse / onderwyser sal die ouer kontak.
10.11.7 Kougom mag onder geen omstandighede op die skoolterrein gekou word nie.
10.11.8 Die voorportaal mag nie deur leerlinge as ‘n deurgang gebruik word om die skoolterrein te verlaat of betree voor- en naskoolure nie.
10.11.9 Indien ‘n leerling afwesig was, word daar van hom/haar verwag om die eerste dag nadat hy/sy terugkeer skool toe, ‘n verskoningsbrief van die ouer/sieknota van ‘n dokter te bring waarin die rede/s vir afwesigheid vermeld word. Die leerling moet ook so spoedig moontlik werk inhaal wat agterstallig is.
10.11.10 Tasse wat gebruik word mag nie die boeke daarin beskadig nie. (Afskortings in tasse word aanbeveel of sakkies wat die boeke beskerm).
10.11.11 Geen leerling mag enige dwelmmiddels by hom\haar hê of dit gebruik nie. Dit is enige middel wat tydelike bedwelming veroorsaak waaraan ‘n mens (leerling) verslaaf kan raak.
10.11.12 Geen leerling mag enige permanente tatoeëermerk op hul liggaam sigbaar vertoon nie.
10.11.13 Die leerling se skoolhuiswerkboek MOET elke dag by die skool wees. Verlore boeke moet so gou as moontlik op eie koste vervang word met ’n nuwe skoolhuiswerkboek.
10.11.14 Alle leermateriaal soos bv. skrifte, handboeke, handleidings, leesboeke en skryfbehoeftes, ens. moet elke dag by die skool wees.
10.11.15 Enige kommentaar of optrede op sosiale media waardeur die skool se goeie naam skade berokken word, of ’n medeleerling in ’n swak lig gestel word, sal nie toegelaat word nie.
10.11.16 Leerlinge wat in die klasse is voor skool, gedurende pouses, of na skool moet onder toesig van ‘n personeellid wees of die nodige toestemming hê.
10.11.17 Geen bakleiery word op die terrein toegelaat nie.
10.11.18 Enige daad wat ’n ander leerling se kultuur, ras of godsdiens verkleineer, verlaag of verneder, word

verbied.

10.11.19 Leerlinge mag nie enige toetse of eksamenmateriaal verkoop / deel wat hom-of haarself of 'n ander persoon in staat stel om 'n onregverdige voordeel daarin te verkry nie.

10.12 NA – URE:

10.12.1 Geen leerling mag na-ure sonder toestemming van die personeel op die skoolterrein wees nie.

10.12.2 Alle skoolreëls geld ook vir leerlinge wat die naskoolsentrum besoek in die middag.

11. KOMMUNIKASIE KANALE VIR LEERLINGE MET PROBLEME:

11.1 Indien 'n leerling worstel met 'n persoonlike probleem kan hy/sy direk en vertroulik met die voogonderwyser praat.

11.2 Indien die probleem van so aard is dat die leerling nie die vrymoedigheid het om met die voogonderwyser te praat nie, kan hy/sy dit direk met die Ondersteuningsdienste Bestuurder, Departemenshoofde of die Adjunk-hoof gaan bespreek,

11.3 Die bestuur van die skool sal met ouers skakel indien probleme ernstig is.

12. NUWE LEERLINGE:

12.1 Elke registerklas beskik oor 'n verwelkomingskomitee wat nuwe leerlinge ontvang en tuis laat voel in die skool, sien toe dat nuwe leerlinge inskakel en hulle stel ook die nuwe leerling aan die onderwysers voor.

13. STRAFSTELSEL:

VERSUIME EN DETENSIEKLASSE:

13.1 Elke leerling moet in besit wees van 'n voorgeskrewe huiswerkboekie.

13.2 Personeel dui alle versuime en verdienstes aan op die D6 + stelsel, sodat ouers ten alle tye bewus is daarvan.

13.4 Indien 'n leerling -10 punte behaal, ontvang die leerling 'n detensiebrief en die voogonderwyser skakel die ouer. Detensieklasse vind op vasgestelde dae plaas. Indien 'n leerling nie detensie bywoon nie, sal hy/sy van pouses ontneem word vir 5 dae.

13.5 Sodra 'n leerling -20 behaal, ontvang die leerling 'n brief om hom/haar te nooi vir 'n gesprek met die skoolbestuur en die bestuur sal dan die nodige sanksie aanbeveel.

13.6 Wanneer 'n leerling -30 behaal, word die leerling voor die BL se dissiplinêre komitee gedaag.

13.7 Leerlinge met swak gedrag mag ook voor die bestuur of die BL se dissiplinêre komitee gedaag word.

13.8 Leerlinge wat 'n B of C versuim ontvang se ouers moet dadelik geskakel word deur die betrokke personeellid.

14. BELONINGSTELSEL:

VERDIENSTES:

14.1 Na tien verdienstes ontvang die leerling n baniester wat hy/sy mag hou.

14.2 Vyf (5) baniesterre kan geruil word vir 'n versamelbalkie.

14.3 Personeel kan verder op eie diskresie erkenning gee aan leerlinge wat verdienstelik handel bv. positiewe briewe aan hul ouers stuur ens.

15. ALGEMEEN:

15.1 Hoë vlakke van waardes en norme word van alle rolspelers verwag.

15.2 Die primêre verantwoordelikheid van leerlinge is om op akademiese, kulturele, sport asook sosiale vlak, deur die ontwikkeling en uitbreiding van kennis, vaardighede, norme en waardes te leer.

15.3 Reëls kan aangepas word, met betrekking tot SOP's vir uitsonderlike omstandighede, bv. Pandemie.

16. TUGMAATREËLS:

16.1 GEDELEGEERDE MAGTE:

Die ouers bly die primêre opvoeder en toesighouer wat moet toesien dat die gedragskode nagekom moet word. Die ouer delegeer sekere bevoegdhede aan die skool om in "loco parentis" op te tree.
Die nakoming van die gedragskode is 'n vennootskap van al die rolspelers.

16.2 GESAGSTRUKTUUR:

Ouer: Primêre opvoeder.

Leerlinge: Medeverantwoordelik vir aanmoediging van mede-leerlinge om gedragskode na te kom.

Leerlingraad: Behulpsaam met die toepassing van gedragskode tot op 'n sekere vlak.
Personeel: Toepassing van gedragskode tot op 'n sekere vlak.
Skoolbestuur: Toepassing van gedragskode tot op 'n sekere vlak.
Skoolhoof: Toepassing van gedragskode tot op 'n sekere vlak.
Dissiplinêre komitee: Beheerliggaam: Toepassing van gedragskode tot op 'n sekere vlak.
Onderwysdepartement: Toepassing van gedragskode tot op 'n sekere vlak.
Hof: Toepassing van die wette van die land.

16.3 DIE ROL VAN DIE GESAGSTRUKTUUR

16.3.1 Die Ouers:

Die ouers speel 'n primêre rol in die opvoeding van hulle kinders sodat hulle hul verantwoordelikheid aanvaar ter ondersteuning van die gesag en insette van die personeel om 'n veilige en gerespekteerde omgewing daar te stel vir alle leerlinge.

Hulle moet:

- Aktief belangstel in die leerling se skoolwerk en vooruitgang.
- Gereeld met die skool kommunikeer.
- Hulle kinders help om altyd 'n netjiese voorkoms te hê.
- Verseker dat hul kind die skool gereeld en stiptelik bywoon.
- Vertroud wees met die gedragskode en hul kinders aanmoedig om dit te onderskryf.
- Die personeel ondersteun met die toepassing van dissiplinêre aksies.

16.3.2 Die Leerlinge:

Die leerlinge moet dieselfde mate van respek as wat hulle vir hulleself behoort te hê, teenoor ander demonstreer deur aanvaarbare gedrag. Respek en verantwoordelikheid word gedemonstreer as leerlinge:

- Betyds, voorbereid en reg om te leer, skool toe kom.
- Respek betoon vir hulleself, ander leerlinge asook ander gesagsfigure.
- Geensins enigiets saambring skool toe wat die veiligheid van mense om hulle benadeel nie.
- Alle reëls en regulasies van die skool volg en verantwoordelikheid neem vir eie aksies.

16.3.3 Die Leerlingraad:

Die taak van die leerlingraad is om bystand te verleen tot die algemene goeie orde in die skool. Hulle taak is hoofsaaklik toesighoudend van aard en hulle moet leerlinge aanmoedig om die gedragskode uit te leef. Dit word gedemonstreer as die leerlingraad:

- Pligsgetrou is in die uitvoering van hul pligte soos opgelê deur hul voogde.
- Deur hul gedrag dien as voorbeelde vir hulle mede-leerlinge.

16.3.4 Die Personeel:

Die personeel moet, onder leiding van die hoof, die orde handhaaf in die skool en almal tot die hoogste standaard van wedersydse respek en verantwoordelike gedrag aanmoedig deur:

- Leerlinge te help om tot hulle volle potensiaal te werk en te ontwikkel.
- Gereeld en betekenisvol met ouers en leerlinge te kommunikeer.
- Konsekwente standaarde vir gedrag onder leerlinge te behou.
- Respek vir alle leerlinge, mede-personeel en ouers te demonstreer.
- Leerlinge voor te berei om eendag hul verantwoordelikheid as landsburgers op te neem.

16.3.5 Die Skoolbestuur:

Die skoolbestuur is oorkoepelend in beheer van die uitvoering van die gedragskode en dit word gedemonstreer in die volgende:

- Sien toe dat die gees van die gedragskode uitgevoer word.
- Hanteer ernstige/herhaalde oortredings van die gedragskode soos verwys deur die personeel.
- Doen skakeling met ouers waar nodig.
- Pas tugmaatreëls toe soos bepaal in die beleid.

16.3.6 Die Skoolhoof:

Die skoolhoof vervul 'n leerlingraadkapsrol in die daaglikse bedryf van die skool deur:

- Besorgdheid en verbintenis tot akademiese uitnemendheid en 'n veilige onderwys omgewing.
- Almal onder sy/haar kontrole aanspreeklik te hou vir hulle gedrag en aksies.
- Op gereelde en betekenisvolle basis met die skoolgemeenskap te kommunikeer.

16.3.7 Die Dissiplinêre Komitee:
Hierdie komitee bestaan hoofsaaklik uit lede van die Beheerliggaam of persone wat kwalifiseer. Hulle rol bestaan uit:

- Die hantering van ernstiger oortredings soos verwys deur die skoolbestuur.
- Gesprekvoering met die betrokke ouers.
- Toepassing van prosedures soos omskryf in wetgewing.

16.3.8 Die Beheerliggaam:
Die beheerliggaam verskaf rigting aan die skool om te verseker dat moontlikhede, uitnemendheid en rekenskap in die onderwysstelsel van die skool bestaan. Dit word gedoen deur:

- Beleide en riglyne te ontwikkel van hoe die skool funksioneer en moet die gedragskode en ander reëls toepas.
- Op 'n gereelde basis insette van die ouergemeenskap te verkry om sodoende die beleide en riglyne op 'n gereelde basis te hersien.
- 'n Dissiplinêre komitee daarstel om meer ernstige sake te hanteer.

16.3.9 Die Onderwysdepartement:
Die onderwysdepartement hanteer ernstiger oortredings soos verwys deur die dissiplinêre komitee.

16.4 DISSIPLINêRE PROSEDURES
16.4.1 Die regte van 'n leerling:

- Die reg om ingelig te word van die omvang van die oortreding.
- Die reg om sy/haar saak te stel.

16.4.2 Ernstige gevalle:

- Die reg om deur sy / haar ouers bygestaan te word.
- Die reg om ingelig te word van die besluit met redes.
- Die reg om appél aan te teken.

16.4.3 Tipes korrektiewe maatreëls:
Na aanleiding van die meriete van die saak, kan die volgende moontlike stappe wees.
A-Tipe oortredings:

- Mondelinge of skriftelike teregwysing
- Konfiskering van ongewenste artikels.
- 1 Punt word afgetrek op die leerling se Dissipline rekord, op die D6 + stelsel

B-Tipe oortredings:

- Gemeenskapsdiens soos pligte wat bydra tot die verbetering van die skoolomgewing (skoonmaak, administratiewe take, ens.)
- Afsondering van ander leerlinge tydens pouse, voor-, tydens-, sowel as na skool.
- Ontneming van deelname aan sekere aktiwiteite van die skool.
- Persoonlike gesprek.
- 3 Punte word afgetrek op die leerling se Dissipline rekord, op die D6 + stelsel

C-Tipe oortredings:

- Oueronderhoude.
- Berading of verwysing daarna.
- Onderhoud tussen die betrokke leerling, ouers/voogde en 'n afvaardiging van die skool en BL.
- Verwysing na wetstoepassers.
- Verskyning voor dissiplinêre komitee.
- Tydelike skorsing.
- Uitsetting deur die HOD.
- 5 Punte word afgetrek op die leerling se Dissipline rekord, op die D6 + stelsel

16.4.4 Ernstige wangedrag
Die beheerliggaam kan, op redelike gronde en as 'n voorsorgmaatreël, 'n leerling wat vermoedelik van ernstige wangedrag beskuldig word of gepleeg het, skors van bywoning van skool as hul skuldig bevind word aan:

- Fisiese aanranding van ‘n leerling, werknemer of ander persoon wat aan die skool verwant is, met die bedoeling om ernstige liggaamlike leed toe te dien, of die naderende bedreiging om so ‘n handeling te verrig, op die skool se perseel of tydens enige skoolaktiwiteit, of onder enige omstandigheid wat redelik met die skool verband hou.
- Enige vorm van teistering, met inbegrip van seksuele teistering van ‘n leerling, werknemer of ander persoon wat aan die skool verwant is, met inbegrip van elektroniese en sosiale media.
- Herhaalde misdrywe wat met boelie verband hou, of die naderende bedreiging om so ‘n handeling te verrig.
- Die onwettige besit van ‘n dwelmmiddel of drank.
- Die herhaalde ontwrigting van die skoolprogram, of die naderende bedreiging om so ‘n handeling te verrig.
- Ernstige oortredings in verband met enige toets, eksamen of eksamenvraestel.
- Bedrog.
- Diefstal of enige ander oneerlike handeling tot nadeel van iemand anders.
- Die besit van ‘n gevaarlike voorwerp of skoolgronde, of tydens enige skoolaktiwiteit, of onder enige omstandigheid wat redelik met die skool verband kan hou.
- Die besit of verspreiding van pornografiese materiaal.
- Betrokkenheid in seksuele aktiwiteite op skoolgronde of die pleging van ‘n handeling van seksuele aanranding, of die naderende bedreiging om so ‘n handeling te verrig.

Sodanige skorsing kan slegs plaasvind nadat die leerling ‘n redelike geleentheid gebied is om vertoë in verband met sodanige skorsing aan die beheerliggaam te rig

Indien die leerling formeel deur die SAP aangekla is moet die beheerliggaam sodanige leerling onmiddelik skors vir die volgende oortredings en is dit nie nodig om eers ‘n leerling geleentheid te gun om vertoë oor die beskuldiging van sodanige ernstige wangedrag te rig nie:

- Moord en poging to moord
- Strafbare manslag
- Enige seksuele midryf; met inbegrip van verkragting
- Roof
- Diefstal
- Aanranding met die ospet om ernstige liggaamlike leed te veroorsaak
- Inbraak by enige perseel met die opset om ‘n persoon leed aan te doen
- Enige misdryf kragtens enige wet met betrekking tot die onwettige besit van enige afhanklikheidsvormende dwelmmiddels
- Vervoer of verskaffing van afhanklikheidsvormende dwelmmiddels op skool en aan leerlinge wat op ‘n skoolperseel of by ‘n skoolaktiwiteit plaasvind

L.W.

- Die gee van sanksies vir oortredings, is van toepassing vanaf personeellid vlak en hoër.
- Korrektiewe maatreëls kan gewysig word in oorleg met die betrokke personeellid.
- As ‘n ouer nie geneë is met die toegekende korrektiewe maatreël nie, kan die ouer ‘n afspraak maak met die dissiplinehoof en betrokke personeellid.
- Die hoof of sy / haar gedelegeerde mag ‘n leerling of die eiendom van ‘n leerling ewekansig vir enige drank, gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel deursoek, indien ‘n regverdige en redelike vermoede vasgestel is dat drank of ‘n gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel, op die skoolperseel of tydens ‘n skoolaktiwiteit gevind kan word of in hul besit is.
- Indien daar beslag gelê is op enige drank, gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel moet dit aan die polisie oorhandig word in gevolge artikel 31 van die Strafproseswet, 51 van 1977.

16.5 TUGMAATREËLS VIR OORTREDING VAN SKOOLREËLS

OORTREDING	VERSUIM	PUNT
VOORSKOOL EN DIE VERDAGING VAN DIE SKOOL:		
Verlaat skoolterrein sonder die toestemming van ‘n personeellid	C	-5
Gehoorsaam nie die skolierpatrollie nie	B	-3
TYDENS KLAS:		

Ontneem ‘n leerling die reg tot onderrig deur aanhoudende steurende / ontwrigtende / ongedissiplineerde gedrag of optrede	B	-3
Praat aanhoudend en lawwe gedrag	A	-1
Slaap in die klas	A	-1
Oneerlik tydens toetse / eksamen / assessering / gesprek met personeellid	B	-3
Leermateriaal soos bv. skrifte, handboeke, handleidings, leesboeke, skryfbehoeftes ens. is nie by die skool nie	A	-1
POUSE:		
Kontakspel, spel met harde bal/kolf/stok en gevaarlike speletjies	A	-1
KLEEDKAMERS:		
Los dit nie netjies en skoon na gebruik nie	A	-1
PERSOONLIKE NETHEID EN ALGEMENE GESINDHEID:		
Nie die regte kleredrag / hare nie volgens skoolreëls / dra van nie toelaatbare juwele / naellak / grimering	A	-1
Disrespekvol teenoor personeel en leerlingraad	B	-3
Onwelvoeglike taalgebruik / persoon se handtekening vervals / oneerlikheid / onsedelike optrede	B	-3
Vandalisme (eiendom kwaadwillig beskadig)	C	-5
Wegsteek / skade aan ander leerlinge se eiendom	B	-2
Huiswerk nie gedoen nie / onvolledig gedoen	A	-1
Toetse / eksamenvraestelle nie deur ouer geteken	A	-1
Beskadiging van boeke	B	-3
Stokkiesdraai / Kom laat vir klas	B	-3
Diefstal / Geweld	C	-5
In besit van gevaarlike items	C	-5
In besit van of gebruik van drank	B	-3
In besit is / gebruik / handel dryf met enige onwettige / onwettige dwelmmiddel	C	-5
In besit / versprei van pornografiese materiaal / toetse / eksamenmateriaal	B	-3
Buitensporige afwys van affeksie (vryerigheid) / seksueel teister	B	-3
Boelie, verontregting, vernedering of intimidasie	B	-3
BUITEMUURS:		
Nie offisiële Sportdrag	A	-1
Swak taalgebruik, wangedrag en vuilspel	B	-3
Onaanvaarbare gedrag wat die skool/personeel/leerlinge in ‘n slegte lig stel	B	-3
ALGEMENE REËLS:		
Gebruik kombuis-en personeelkamergeriewe	A	-1
Gebruik van selfoon/elektroniese apparaat/internet sonder toestemming	B	-3
Kou kougom	A	-1
Permanente, sigbare tatoeëermerk	C	-5
Kommentaar of optrede op sosiale media waardeur die skool se goeie naam skade berokken word, of ’n medeleerling in ’n swak lig stel	B	-3
In die klasse / saal / verbode terrein voor skool, gedurende pouses, of na skool sonder toesig van ‘n personeellid	A	-1
Bakleiery op die terrein	B	-3
‘n Leerling se kultuur, ras of godsdiens verkleineer, verlaag of verneder	C	-5
Verkoop / deel van toetse / assesserings / eksamenmateriaal	C	-5
Rommelstrooi	A	-1
’n Persson aanrand / dreig om aan te rand / gyselaar hou / vermoor / verkrag / betrokke raak by enige seksuele aktiwiteit wat neerkom op ’n oortreding in die reg	C	-5

16.6 INTERVENSIESTRATEGIEË VIR LEERLINGRAAD

Die skool se leierdissiplinestelsel word gebruik vir die bepaling van erkenning en intervensiestrategieë deur sekere sanksies toe te pas. ‘n Leier is onderhewig aan alle skoolreëls soos vervat is in die gedragskode vir leerlinge en leerlingraad.

Die volgende intervensiestrategieë is slegs op leerlingraad van toepassing:

VERSUIME SLEGS OP LEERLINGRAAD VAN TOEPASSING	VERSUIM	PUNT
Vergadering nie bygewoon sonder verskoning	A	-1
Twee vergaderings nie bygewoon met verskoning vir onnodige redes	A	-1
Laat vir vergaderings (2 keer)	A	-1
Foutiewe kleredrag tydens skool ure of waar die skool verteenwoordig word	A	-1
Diens nie gedoen volgens voorskrif nie	A	-1
Afwesig van verpligte buitemuurse aktiwiteite	A	-1
Magsposisie as leier misbruik	A	-1
Onaanvaarbare optrede teenoor mede-skoliere in die uitvoering van jou taak as leier	A	-1
Klagte van onderwyser oor aanhoudende onaanvaarbare gedrag gedurende klastyd	B	-3
Gebruik van snoepie gedurende dienstydperk	A	-1
Openingsbeurt / diensbeurt gemis sonder om vooraf reëlings te tref	A	-1
Afwesig van skool gedurende diens week sonder reëlings vir 'n plaasvervanger	A	-1

Op diskresie van die skoolbestuur en leerlingraadvoogde kan die volgende stappe geneem word teen 'n leerlingraadslid wat 'n skoolreël oortree.

- Ontneming van voorreg om leerlingraaddrag te dra vir 'n gespesifiseerde tydperk gedurende die kwartaal
- Wegneem van leerlingraadbaadjie en pligte vir n gespesifiseerde tydperk gedurende die kwartaal
- Totale opheffing van pligte en lidmaatskap van die leerlingraad

Elke insident sal op meriete hanteer word.

Oortreding van enige C-versuime sal lei tot onmiddelike opheffing van pligte en lidmaatskap van die leerlingraad.

LEERLINGRAADDRAG

Die leerlingraadhempie- en baadjie, kan gedra word op Vrydae en/of soos deur die leerlingraadvoogde bepaal, indien die diens vir die week na wense van die leerlingraadvoogde gedoen is. Dit is dus 'n **voorreg** en nie 'n reg nie.

Gedurende die wintermaande moet 'n ***gewone*** (nie geskeur of gebleikte) lang, ***donker blou*** denimbroek met ***wit seilskoene*** saam met die hempie en baadjie gedra word deur seuns en dogters.

Somersdrag seuns:

- Leerlingraadhempie
- ***Gewone*** (nie geskeur of gebleikte) kort ***donker blou*** denimbroek, ***wat aan die knie raak,*** met ***wit seilskoene***
  (nie plakkies)

Somersdrag meisies:

- Leerlingraadhempie
- 'n ***Gewone*** (nie geskeur of gebleikte) driekwart / lang ***donker blou*** denim broek met wit seilskoene
- Geen kortbroeke word vir die dogters toegelaat nie.

17. VERKIESING VAN LEERLINGRAAD

Die leerlingraadverkiesingsbeleid bepaal die prosedure.

A Bacon
Hoof

D de Meyer
BL-Voorsitter

As **ouer** aanvaar ek die verantwoordelikheid ter ondersteuning van die gesag en insette van die personeel om ‘n veilige en gerespekteerde omgewing daar te stel vir alle leerlinge en my kind te ondersteun in die nakoming van hierdie gedragskode.

HANDTEKENING OUER: _____

As **leerling** moet ek dieselfde mate van respek as wat ek vir myself behoort te hê, teenoor ander demonstreer deur aanvaarbare gedrag en die volg van hierdie gedragskode.

HANDTEKENING LEERLING: _____